# Vakke waarin Gr 7- leerders onderrig ontvang

- Die volgende vakke is die werktuie waardeur die Kurrikulum geïmplementeer word in Gr 7 vanaf Januarie 2014.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | Ekonomiese Bestuurswet | Wiskunde | Natuurwetenskap | Tegnologie |
| Engels | Lewensoriëntering | Rekenaars | Sosiale Wetenskap:<br>✓ Geografie<br>✓ Geskiedenis | Menslike Bewegingskunde |

- Assessering (sien punt 10) vaardighede en assesseringsvoorskrifte vind plaas volgens nasionale beleid
- Personeel word volgens die behoefte van die skool en leerders aangewend in bogenoemde vakke
- Waar departementele werkskedules ontvang is, word dit van personeel verwag om daarvolgens te beplan en dienooreenkomstig te assesseer

# Vakke waarin Gr 4 – Gr 6 - leerders onderrig ontvang

- Die volgende vakke is die werktuie waardeur die Kurrikulum geïmplementeer word in Gr 4 – Gr 6 vanaf 2013.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrikaans | Wiskunde | Sosiale Wetenskap:<br>✓ Geografie<br>✓ Geskiedenis | Engels |
| Lewensvaardigheid:<br>✓ Persoonlike & Sosiale Welstand<br>✓ Liggaamlike Opvoeding<br>✓ Kreatiewe Kuns | | Natuurwetenskap & Tegnologie | |

# AKADEMIESE MERIETE TOEKENNINGS & PROMOSIEVEREISTES

## 1. MERIETE – TOEKENNINGS:

**MERIETE SERTIFIKATE word toegeken wanneer 'n leerling soos volg presteer het:**

1. GOUD : Eerste 10 leerders in onderskeie vakke (deurlopende ass. Toetsreeks) wat die hoogste persentasie in die vak het. (Waar leerders dieselfde % in die 10de plek het, sluit ons daardie leerders almal in by goud)
2. SILWER: Volgende 10 leerders nadat goud bepaal is.

**TOP PRESTEERDER PER VAK PER GRAAD word toegeken**

GOUE SERTIFIKAAT:

Beste presteerder in onderskeie vakke deurlopende assessering en toetspunte (Kw 1 – Kw 3) word in berekening gebring.

2014 – Leerder met die hoogste gemiddelde punt in die vak:

(gr 4 – gr 6: 6 vakke) en (gr 7: 9 vakke )

| GRAAD 4 – GRAAD 6 (6 vakke) | GRAAD 7 (9 vakke) | |
|---|---|---|
| AFRIKAANS | AFRIKAANS | . |
| ENGELS | ENGELS | LEWENSORIENTERING |
| WISKUNDE | WISKUNDE | KUNS & KULTUUR |
| NATUURWET. & TEGNOLOGIE | NATUURWET. | TEGNOLOGIE |
| SOS WETENSKAP | SOS. WET. | |
| LEWENSVAARDIGHEID | EKON. BESTUURSWET | |

**AKADEMIESE KLEURE word toegeken wanneer 'n leerling soos volg presteer het:**

**GRAAD 4:** Top 10 toekenning word slegs vanaf kwartaal 1 – kwartaal 3 van graad 4 bepaal - aangesien graad 3 nie deel vorm van die intermediere fase nie – leerder ontvang silwer sertifikaat

**GRAAD 5:** Ontvang silwer vir 4 kwartale Top 10 ontvang. Kw 4 van vorige jaar vorm deel van 1ste kwartaal huidige jaar se top 10

**GRAAD 6:** Ontvang silwer vir 4 kwartale Top 10 ontvang. Kw 4 van vorige jaar vorm deel van 1ste kwartaal huidige jaar se top 10

**GRAAD 7:** Ontvang silwer vir 4 kwartale Top 10 ontvang. Kw 4 van vorige jaar vorm deel van 1ste kwartaal huidige jaar se top 10

**ERE-KLEURE / SPESIALE ERKENNING VAN AKADEMIESE KLEURE word toegeken wanneer 'n kind soos volg presteer het:**

1. Erekleure Akademie – GOUD

Gr 6 – Ontvang ere-kleure vir Top 10 prestasie ononderbroke vanaf Gr 4 – Gr 6

2. Spesiale Erkenning Gr 7 -GOUD

Ontvang Top 10 prestasie ononderbroke vanaf gr 4 – 7 en het reeds in Gr 6 ere-kleure ontvang

## ADDISIONELE TOEKENNINGS: SLEGS GRAAD 7

### ATKV – PRESTIGE PENNING VIR AFRIKAANS - GRAAD 7

ATKV – Hoogste toekenning wat die ATKV vir 'n leerder gee wat die Afrikaanse Taal en kultuur deelname en selfondersteuning gee op:

1. Kultuurgebied – Kunswedstryddeelname
2. Akademie – bo 80% vir Afrikaans
3. Deelname op verskeie gebiede ter bevordering van Afrikaans
4. Bywoning van kultuuraangeleenthede

### KULTUURLEIERPENNING SYTZE WIERDA VOORTREKKERS - GRAAD 7

Die kultuurleierspenning word deur die Voortrekkers toegeken aan enige gr. 7 leerder wat:

1. 'n Christelike en voorbeeldige lewe lei
2. Afrikaanssprekend is
3. Betrokke is by Afrikaanse kultuur en
4. Wat oor uitstaande leiereienskappe beskik

### VEELSYDIGSTE KULTUURLEERDER – GRAAD 7

Leerder wat deur die jaar aan die meeste kultuuraktiwiteite by die skool deelgeneem het.

Veelsydigheid :

Koor, dans, solosang, redenaars, drama, Voortrekkers, Gimnastrade, Kunstefees

### DEURSETTINGSVERMOë – ENIGE LEERDER – GRAAD 1 TOT GRAAD 7

Leerder wat onder moeilike omstandighede steeds op verskeie gebiede presteer – nie noodwendig ‘n jaarlikse toekenning nie.

### SPORTSEUN / SPORTDOGTER

### VEELSYDIGSTE GR 7 DOGTER

### VEELSYDIGSTE GR 7 SEUN

**UITSTAANDE PRESTASIES:**

**Gr 4**
1. BESTE LESER
2. BESTE ALGEMENE KENNIS
3. BESTE AKADEMIESE PRESTEERDER IN DIE GRAAD

**Gr 5**
1. BESTE LESER
2. BESTE ALGEMENE KENNIS
3. BESTE AKADEMIESE PRESTEERDER IN DIE GRAAD

**Gr 6**
1. BESTE LESER
2. BESTE ALGEMENE KENNIS
3. BESTE AKADEMIESE PRESTEERDER IN DIE GRAAD

**Gr 7**
1. BESTE LESER
2. BESTE ALGEMENE KENNIS
3. BESTE PRESTASIE IN KUNS
4. BESTE PRESTASIE: PRAKTIESE KUNS
5. WISKUNDE – INSIGGEWENDSTE LEERDER
6. BESTE PRESTASIE IN WISKUNDE
7. VAKPRESTASIE –TOEKENNING AAN TOP LEERDER IN ELKE VAK

## BEPALING VAN DIE PROMOSIEPUNT (Gr 4 – Gr 6):

1. Kwartaal 1 – 3: Deurlopende assessering vind plaas in klas met ‘n formele toets aan die einde van die kwartaal (Rapport Kwartaal 1, 2 & 3)
2. Kwartaal 4: Deurlopende assessering vind plaas in klas. Eksamen aan die einde van die kwartaal
3. **PROMOSIEPUNT** word nou as volg bereken:
    - Kwartaal 1 – 3 se rapportpunte + Kwartaal 4 se deurlopende assessering = verwerking na 75% van promosiepunt
    - Eksamenpunt = verwerking na 25 % van promosiepunte

## BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 4- 6

(1) Graad-tot-graad-bevordering binne die toepaslike ouderdomsgroep sal die aanvaarde norm wees, behalwe as die leerder nie die gewenste vordering in die daaropvolgende graad toon nie.

(2) Die volgende dien as riglyne om 'n leerder se vordering in graad 4 tot 6 in the Intermediêre Fase te bepaal:
(a) Voldoende Prestasiebeskrywing **(Vlak 4) in een amptelike taal (*Afrikaans*)**op Huistaalvlak, soos bedoel in *paragraaf 12(1)*;
(b) Matige Prestasiebeskrywing **(Vlak 3) in die tweede vereiste amptelike taal op Eerste Addisionele (*Engels*)** Taalvlak, soos bedoel in *paragraaf 12(1)*;
(c) Matige Prestasiebeskrywing **(Vlak 3) in Wiskunde**, soos bedoel in *paragraaf 12(2);* en
(d) Onderworpe aan *subparagraaf (e)*, 'n Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in enige van die oorblywende twee (2) goedgekeurde vakke, soos bedoel in *paragraaf 12(3), 12(4)* en *12(5)*.
(e) Immigrantleerders mag behoudens *paragraaf 4(1)(c)(ii)* van een amptelike taal vrygestel word, met dien verstande dat hulle behoudens *subparagraaf (d)* 'n Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in al die oorblywende drie (3) vakke behaal.

(Soos verskyn in die Nasionale Assesseringsbeleid 2012 vir CAPS)

## BEPALING VAN DIE PROMOSIEPUNT GRAAD 7

1. Kwartaal 1 – 3: Deurlopende assessering vind plaas in klas met 'n formele toets aan die einde van die kwartaal (Rapport Kwartaal 1, 2 & 3)
2. Kwartaal 4: Deurlopende assessering vind plaas in klas. Eksamen aan die einde van die kwartaal
3. **PROMOSIEPUNT** word nou as volg bereken:
    - Kwartaal 1 – 3 se rapportpunte + Kwartaal 4 se deurlopende assessering = verwerking na 40% van promosiepunt
    - Eksamenpunt = verwerking na 60 % van promosiepunte

## BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 7

Leerders in graad 7-9 sal van graad tot graad bevorder
(a) Voldoende Prestasiebeskrywing (**Vlak 4**) in een amptelike taal op **Huistaalvlak,** soos bedoel in paragraaf 19(1);
(b) Matige Prestasiebeskrywing (**Vlak 3**) in die tweede vereiste amptelike taal op **Eerste Addisionele Taalvlak**, soos bedoel in paragraaf 19(1);
(c) Matige Prestasiebeskrywing (**Vlak 3**) in **Wiskunde**, soos bedoel in paragraaf

19(2);
(d) Matige Prestasiebeskrywing (**Vlak 3) in enige drie (3) van die ander vereiste vakke**,
(e) Onderworpe aan subparagraaf (f), ten minste 'n Basiese Prestasiebeskrywing (**Vlak 2) in enige twee (2)** van die oorblywende vereiste vakke

(Soos verskyn in die Nasionale Assesseringsbeleid 2012 vir CAPS)

## PRESTASIEVLAK BESKRYWING

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vlak 1:<br>0 – 29% | Vlak 2:<br>30% - 39% | Vlak 3 :<br>40%- 49% | Vlak 4:<br>50% - 59% |
| Vlak 5:<br>60% - 69% | Vlak 6:<br>70% - 79% | Vlak 7:<br>80% - 100% | |

## Skrifbeleid tov skriftelike werk in boeke

- Lopende skrif word in Gr 4 – Gr 7 geskryf – slegs met terapeute se aanbeveling mag leerders drukskrif in sy/ haar werksboeke skryf

## Huiswerk en –blad

- *Huiswerkboek en -blad dien as kommunikasie tussen ouer en onderwyser*
- Huiswerkblad elke Vrydag vir die volgende week uitgegee
- Van toepassing Gr 4 – Gr 5
- Graadmentor kontroleer, teken en stuur vir DPS vir kontrole voor 12:00 die Donderdag en dan afgerol en ingeplak in skooldagboek Vrydagoggende
- Huiswerk en toetsdatums (twee weke voor klas- / toetse) word regs op skryfbord met dag se datum geskryf en moet op huiswerkblad verskyn
- Huiswerk moet met datumstempel deur onderwyser gekontroleer word die volgende dag / periode
- Huiswerk is die slegs voltooiing en inoefening van werk wat in die klas reeds mee begin is.

Laerskool Bakenkop stel hom ten doel om *sinvolle huiswerk* deur leerders te laat plaasvind. *Geen formele werksopdrag mag by die huis gedoen word nie*, slegs die voorbereiding en praktiese inoefening om die volgende dag se taak te vergemaklik. Alle leerders *moet voorbereid by klasse opdaag* (huiswerkblad Gr 4 & Gr 5) om leer te vergemaklik. Graad 6 & Graad 7 skryf huiswerk van die bord af (*selfdissipline en selfverantwoorderlikheid*) om sekere lewensvaardighede toe te pas. Selfone mag gebruik word om huiswerk van die bord aft e neem. Die kind neem egter verantwoordelikheid vir sy/haar eie selfoon.

Volgens Lee & Pruitt (1979) is die “back to basics” beweging in huiswerk 'n voortsetting van vaardighede en konsepte wat in die klas aangeleer word.

Hulle identifiseer die volgende vier soorte huiswerk:

1. **Voorbereidende huiswerk**: Gee die leerder die geleentheid om voordeel te trek deur voorbereid te wees vir die volgende dag. Bv. Bring van materiale (Tegnologie), LIG.OPV.-klere (LIG.OPV.), Tydskrifte vir prente (SW, EBW) ens.
2. **Praktiese huiswerk** – Spesifieke vaardighede word gebruik om voor te berei vir klaswerk die volgende dag bv. Die inoefening van ‘n toespraak in die klas geskryf (Tale), inoefening van basiese wiskunde +-X÷ (eenvoudige kombinasies), ens.
3. **Uitgebreide huiswerk** – Navorsingsmateriaal wat klas toegebring moet word vir navorsingsprojekte in klas, interessante inligting en feite, kyk of nuwe konsepte / vaardighede prakties toegepas kan word, ens.
4. **Kreatiewe huiswerk** – Entrepreneursbeplanning, integrering van verskeie vaardighede en konsepte om sekere take in die klas te voltooi, ens.